30 Sep

Uitgawe 2009/09/30

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Maar ek, ek roep God aan, en die HERE sal my verlos. Saans en smôrens en smiddags kla ek en steun, en Hy hoor my stem. (**Ps.55:16-17**). In hierdie Psalm is dit duidelik dat die skrywer ongelukkig is met sy vriende se houding teenoor hom. Hierdie situasie het hom egter nie weggedryf van God af nie, maar hy het sy intieme verhouding met God gehandhaaf. Hy het sy hart in alle eerlikheid aan God geopenbaar en sy vertroue absoluut in God geplaas. ***Vader, U is ons Bergvesting in moeilike tye. Ons is veilig wanneer ons U Naam aanroep.***

Deurbraak : 60 000 mense bid saam

Enigiets kan by Times Square in Manhattan gebeur. Maar 60 000 mense wat saambid? Dit is 'n vreemde verskynsel in die hartjie van Broadway. Dit is presies wat op 20 September vir een uur – tussen 3nm. tot 4nm. tydens 'n Christelike samekoms genaamd *Prayer in the Square* plaasgevind het. Die organiseerders van die byeenkoms het 15 000 mense verwag, maar hulle verwagtinge is oortref by die derde soortgelyke geleentheid in die laaste drie jaar. (Webruimte: http://www.wnd.com/index.php?fa=PAGE.view&pageId=110605, 21/09/09). ***Prys die Here vir mense wat bereid is om Sy aangesig te soek vir hul land. Bid dat God hul spoedig sal antwoord en dat hulle met vrede gevul sal wees.*** (**Ps.126:3**).

Bid vir jou gemeenskap : Huwelike

Enige huwelik sal deur moeilike tye gaan. Probleme sal opduik wat 'n bedreiging inhou vir die vreugde en selfs die bestaan van die huwelik. Die probleme kan wees weens 'n krisis of konstante probleme by een of beide van die eggenote. Situasies soos hierdie kan 'n huwelik groot skade aandoen of dit selfs vernietig, maar dit kan oorkom word deur gebed, afhanklikheid van God en Sy Woord. (Webruimte: http://www.kingdompraying.com/Newsletters/NewsletterPDF/GPM-JulyAug09.pdf, 26/09/09). ***Bid vir diegene wat probleme ondervind in hul huwelik. Bid dat God hulle die vermoë sal gee om met mekaar te kommunikeer in 'n oop en liefdevolle manier*** (**Ef.4:15; Spr.18:13**). ***Bid dat God hul sal herinner van die waarde en kosbaarheid van die huwelik*** (**Gen.2:22; Spr.18:22**).

Suid-Afrika : Invloed deur media

Donderdae sal verpligte aande wees om tuis te bly wanneer *Hopeville* – die hoogs populêre vervolgverhaal van 6 episodes – hierdie week weer uitgesaai gaan word. Die roerende verhaal handel oor 'n man wat die moed het om reg te handel, maar met moontlike nadelige gevolge vir hom en sy seun. *Hopeville* spreek daaglikse situasies aan soos misdaad, korrupsie, dienslewering en familie verhoudings en met die invloed daarvan sal Suid-Afrikaners weer geïnspireer word om verandering te bring in hul gemeenskappe en nie op ander te wag om dit te doen nie. (E-pos: khodani@heartlines.org.za, 25/09/09). ***Bid vir hierdie uitsendings, dat dit deur God gebruik sal word om Sy doel te bereik in Suid-Afrika. Bid vir 'n bewustheid vir visie en leierskap in die lewens van elk wat gaan deelneem en dat Christen leiers ondersteun sal word om die koninkryk uit te brei.***

Internasionaal : 21 Dae van Wêreldwye Oes

Daar is 'n fluistering reg oor die wêreld wat sê dat die Gees van God die hemele oopmaak vir 'n wêreldwye oes. God is besig om 'n generasie op te rig wat heelhartig en ywerig gereed is vir hierdie oes en om met absolute oorgawe Christus te dien. Ons leef in die tyd waar ons die grootste oes nog in die Koninkryk van God sal sien. Dit is nie meer 'n droom nie om elkeen wat nog onbereik is met die evangelie en die liefde van Christus te bereik te sien nie. *21 Days For Global Harvest* is 'n gebedsaksie wat die generasie van Gelowiges sal verenig met gefokusde gebed en intersessie vir persoonlike herlewing, 'n ontwaking in die generasie en 'n wêreldwye oes van siele in ons leeftyd. Sluit aan by hierdie groep van 12 Oktober – 2 November 2009. (Webruimte: http://21daysofprayer.net/, 26/09/09). ***Bid dat baie Gelowiges hul gemeentes en gemeenskappe sal mobiliseer om God se aangesig te soek in hierdie 21 dae. Vra God se seën op elkeen wat gaan deelneem en dat ons sal sien hoe hierdie generasie gaan opstaan en ware aanbidding van God sal herstel.*** (**Jes.58:12; Hand.15:16-17**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com